

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 56/2006

Datum Aangehoor: 05/03/2007

Datum Gelewer: 09/03/2007

In die saak tussen:

Section 1.1 Hannes Ferris

teen

Section 1.2 Die Staat

Coram: Lacock R et Olivier R

UITSPRAAK APPÉL

OLIVIER R:

1. Die appellant het in die Streekhof te Hartswater terreggestaan op 'n aanklag van poging tot moord. Dit is hom ten laste gelí dat hy gepoog het om mr Dawid Isaacs te dood deur hom twee keer met 'n vuurwapen te skiet en te verwond. Die appellant is, ten spyte van sy pleit van onskuldig, skuldig bevind soos aangekla en gevonnisd tot 12 jaar gevangenisstraf. Die appellant kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en die vonnis.
2. Die appellant is reeds op 28 Augustus 2001 aldus skuldig bevind en gevonnisd. Blykens datumsstempels op dokumentasie in die hoflír het die appellant toe wel binne die destyds voorgeskrewe periode 'n kennisgewing van appél afgelewer, maar wel op die Griffier van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof. Drie dae later is die betrokke kennisgewing egter deur die Griffier van hierdie Hof ontvang. In die lig van die datum van die appellant se skuldigbevinding en vonnis was hy op daardie stadium geregtig om die gemelde prosedure te volg.
3. Dit is nie heeltemal duidelik wat daarna van die appellant se appél geword

het nie, maar gedurende 2002 het hy weer dokumentasie onderteken en laat aflewer waarvan die strekking was dat hy teen die skuldigbevinding en vonnis wou appelleer. Daarna was daar weer letterlik 'n jarelange vertraging in die proses, waarvoor geen ooglopende verklaring uit die stukke in die hoflêer blyk nie.

4. Die appél is toe ter rolle geplaas vir verhoor, maar op 6 Junie 2005 is dit uitgestel weens die feit dat gedeeltes van die oorkonde klaarblyklik nie behoorlik getranskriebeer kon word nie, en is gelas dat bepaalde stappe geneem word in 'n poging om die oorkonde aan te vul. Dit blyk dat die betrokke Klerk van die Hof toe wel in September 2005 die oorkonde weer teruggestuur het aan die Griffier van hierdie Hof, tesame met notas wat verkry is vanaf die destydse regsverteenvoerder van die appellant. Afgesien daarvan dat die blote aanstuur van die gemelde notas nie voldoen het aan hierdie Hof se destydse bevel nie, blyk dit nou ook asof die notas in elk geval weggeraak het.
5. Dit blyk dat die rede vir die swak opname van die verrigtinge klaarblyklik was dat kassette oor en oor gebruik is en die gehalte daarvan met verloop van tyd so swak geword het dat die opnames beswaarlik gehoor kon word. Dit spreek vanself dat hierdie tipe benadering tot die meganiese opname van 'n ernstige aangeleentheid soos hierdie, en die administratiewe rompslomp en vertragings daarna, hoegenaamd nie in die belang van geregtigheid kan wees nie, hetsy dit beskou sou word vanuit die oogpunt van die breë gemeenskap daarbuite, die vervolging of aangeklaagdes.
6. Hoe dit ookal sy, nadat ek die oorkonde as 'n geheel nou nagegaan en bestudeer het, is ek van oordeel dat dit wel van sodanige gehalte is dat die appellant se appél behoorlik daarop bereg kan word. Dieselfde houding is dan ook klaarblyklik ingeneem deur mnr Cloete, wat die appellant in hierdie appél verteenwoordig het.
7. Die appellant se pleitverduideliking was in wese dat hy en die klaer met mekaar gepraat het, toe hy 'n skoot hoor afgaan het. Die appellant sou toe weggehardloop het, waarna hy nog 'n verdere drie skote sou gehoor afgaan het. Die appellant het ontken dat hy tydens die voorval 'n vuurwapen in sy besit gehad het of dat hy die klaer geskiet het.

8. Die klaer, 'n 28-jarige man, was die enigste getuie vir die vervolging. Hy was, wat die skietvoorval self betref, 'n enkelgetuie. Alhoewel dit gemenesaak was dat beide die appellant en die klaer by 'n bepaalde taverne was die betrokke aand, en ook dat daar tussen hulle die een of ander vorm van konfrontasie of gesprek plaasgevind het voordat die klaer net buite die enkele deur van die tavernegebou geskiet is toe die appellant maar 'n paar treë van hom af was, het die appellant ontken dat dit hy was wat die klaer daar geskiet het en sou dit dus moontlik geargumenteer kon word dat die kwessie van die aanvaller se identiteit in wese ook in geskil was.
9. Die klaer se getuienis was, in kort en breë trekke, dat hy die appellant vroeër die betrokke dag vir die eerste keer in sy lewe gesien het by 'n winkel. By daardie geleentheid het hy gesien dat die appellant 'n vuurwapen aan sy regtersy gedra het. Volgens die klaer het hy vuurwapens geken en was dit 'n .38 kaliber rewolwer.
10. Die betrokke aand by die taverne was daar die een of ander vorm van onenigheid tussen ene Ruben en 'n man genaamd Tao en het die klaer op 'n stadium teenoor die appellant opgemerk dat: *“moet die laaities so aangaan? Hulle is ‘homeboys’”*.
11. Volgens die klaer het hy toe, nadat hy eers weer 'n drankie geniet het, uit die tavernegebou beweeg omdat hy *“bedompig”* gevoel het en onmiddellik buitekant die traliede deur van die gebou gaan staan. Terwyl hy in 'n rigting weg van die taverne gekyk het, het hy 'n skoot gehoor en *“gevoel ek word warm hier onder my blaaie”*. Toe hy omkyk, het hy die appellant gesien waar hy ongeveer ses treë van hom gestaan het. Die appellant, wat volgens die klaer op daardie stadium 'n baadjie aangehad het, het kort daarna weer 'n skoot afgevuur wat die klaer in sy heup getref het. Volgens die klaer het hy, met die afvuur van die tweede skoot, gesien dat die appellant sy hand onder sy baadjie gehad het, dat die loop van die vuurwapen onder die baadjie uitgesteek het en dat vonke by die loop uitgekom het toe die skoot afgegaan het. Die klaer het toe sy bewussyn verloor en is later deur 'n ambulans vanaf die toneel verwyder.
12. Volgens die klaer was die betrokke toneel belig deurdat ligte vanuit die tavernegebou na buite geskyn het, en ook deurdat straatligte gebrand het, en kon hy alles duidelik sien. Dit was dan, in kort, die klaer se weergawe.

13. Die Streeklanddros het bevind dat die klaer as getuie 'n goeie indruk gemaak het en dat sy getuienis geloofwaardig was. Dit is geykte reg dat 'n Hof van appél nie ligtelik sal inmeng met die geloofwaardigheidsbevindinge van 'n verhoorhof nie, en wel omdat die verhoorhof, as gevolg van die geleentheid om getuies persoonlik waar te neem in die getuiebank, in 'n heelwat beter posisie verkeer om hieroor 'n oordeel te vel.
14. Die wese van die appellant se weergawe was dat hy en vriende van hom die betrokke aand by die taverne opgedaag het. Omdat hulle gepoog het om van buite drank in die gebou in te neem, is hulle almal gevisenteer, die appellant inkluis. Geen wapens van enige aard is op daardie stadium by hulle gevind nie en gevolglik was die appellant dan ook volgens hom ongewapen toe hy die gebou binnegegaan het.
15. Gedurende die aand was daar ook op die appellant se weergawe onenigheid tussen bepaalde persone, een waarvan die gemelde Ruben was, en het die appellant op 'n stadium vir Ruben 'n klap gegee. Volgens die appellant was daar toe 'n konfrontasie tussen hom en die klaer daaroor.
16. Die appellant se weergawe was voorts dat die klaer toe op 'n stadium die gebou verlaat het en 'n rukkie later vir hom (die appellant) gewink het om ook na buite te kom. Volgens die appellant sou die klaer toe alreeds duidelik gemaak het dat hy met hom wou baklei.
17. Die appellant is toe uit en het die klaer buite die deur van die gebou aangetref. Hy het die klaer gevra wat hy wou maak, en op daardie stadium het hy 'n skoot gehoor klap. Hy het van die gebou af weggehardloop, en nog skote gehoor klap. Hy het later op stadig-bewegende treintrokke gespring en so vanaf Hartswater (waar die voorval plaasgevind het) weggevlug. Dit, in kort en onderworpe aan wat volg, was die appellant se weergawe.
18. Daar is ook twee getuies geroep om namens die appellant te getuig, naamlik die 18-jarige mnr Mark Rabie (wat tydens die gebeure maar slegs 15 jaar oud was) en mnr Marks Kgarebe. Rabie was 'n vriend van die

appellant wat ook die aand by die taverne was, terwyl Kgarebe werksaam was by die betrokke taverne en volgens hom die appellant die betrokke aand vir die eerste keer gesien het.

19. Die appellant en sy twee getuies se getuienis was na my oordeel deurspek met onwaarskynlikhede en strydighede, beide inherent en onderling. Ek handel vervolgens met die meer wesenlikes daarvan.
20. Die appellant se getuienis was dat hy op geen stadium van die betrokke dag 'n vuurwapen by hom gehad het nie. Die klaer se getuienis dat hy reeds gedurende die middag by die winkel 'n vuurwapen in die appellant se besit gesien het, is nooit in kruisverhoor aangeval nie. Die stelling wat in hierdie verband namens die appellant aan die klaer gemaak was, was baie duidelik dat *"... die beskuldigde sê hy het nie 'n holster of 'n vuurwapen by hom gehad nie **hierdie aand by die 'tavern' nie**".*
21. Dit het geblyk dat Rabie in sy polisieverklaring gesê het dat hy wel die aand 'n vuurwapen aan die appellant se regtersy gesien het, in 'n ligbruin holster, maar dat hy nie die appellant daaroor uitgevra het nie. Nog voordat Rabie oor die verklaring uitgevra kon word, en toe hy bloot gevra is of die appellant op daardie dag 'n vuurwapen by hom gehad het, het hy vorendag gekom met die bewering dat *"die ondersoekbeampte wat die saak ondersoek het, het my onder druk geplaas en toe sê ek maar nou hy het 'n vuurwapen gehad ..."*.
22. Dit kom op die oog af onwaarskynlik voor dat Rabie, indien hy bloot onder druk geplaas sou gewees het om te sê dat die appellant 'n vuurwapen gehad het, sou bygevoeg het dat dit nogal in 'n ligbruin holster was en dat hy nooit die appellant daaroor uitgevra het nie. Sy saak was nooit dat die polisie hom ook onder druk geplaas het om dié detail te verskaf nie.
23. Hoe dit ookal sy, dit het uit Rabie se eie getuienis geblyk dat sy ouers teenwoordig was by die neem van die verklaring. Afgesien daarvan dat dit hoogs onwaarskynlik is dat 'n polisiebeampte onder daardie omstandighede op Rabie sou geskree het en hom sou gedreig het om 'n vals verklaring te maak, is nie een van sy ouers in elk geval geroep om hierdie getuienis van hom te staaf nie.

24. Toe Rabie gekonfronteer is met die detail wat hy tog in die polisieverklaring verstrek het, en dit aan hom voorgehou is dat hy iets moes gesien het die betrokke aand, het hy vir die eerste keer vorendag gekom met die bewering dat hy eintlik onder die invloed van drank was; ooglopend in 'n poging om 'n antwoord op die vraag te vermy. Hoe dit ookal sy, selfs al was Rabie op sy eie weergawe 'n *"ou vriend"* van die appellant, was hyself nie bereid om verder te gaan nie as om te sê: *"ek kan nie presies sê of Hannes 'n vuurwapen gehad het, ..."*.
25. Kgarebe het beweer dat hy op geen stadium 'n vuurwapen by die appellant gesien het nie, en het aangevoer dat hy dit sou gesien het as die appellant een gehad het. Kgarebe het egter taamlik kleigetrapped in kruisverhoor toe hy versoek is om te verduidelik hoe hy dit noodwendig sou gesien het indien die appellant 'n baadjie aangehad het.
26. Kgarebe het verder die appellant se weergawe weerspreek deur te getuig dat nŭg die appellant nŭg enigiemand anders die betrokke aand by die taverne gevisenteer is.
27. Seker die mees verdoemende aanduiding dat die appellant wel 'n vuurwapen in sy besit moes gehad het, het egter voorgekom in die appellant se eie getuienis dat, toe hy buite by die klaer gekom het, die klaer hom gevra het *"of ek nog wil **skiet** of baklei"*. Waar op aarde sou die klaer daaraan gekom het dat die appellant hom ooit wou skiet, indien hy nooit 'n vuurwapen in die appellant se besit gesien het nie en daar nooit sulke sprake gewees het nie?
28. Die appellant se weergawe was verder tot die effek dat hy deurentyd gedurende die gebeure in die taverne aan die ontvangkant was van die klaer se aggressie en dat die klaer die een was wat wou baklei. Soos reeds gemeld, het die appellant ook beweer dat die klaer hom na buite gewink het, klaarblyklik dan met die doel om te baklei.
29. In die appellant se eie weergawe was egter vele aanduidings dat hy, intendeel, die een was wat die aand die aggressor was en wat wou baklei met almal. So, byvoorbeeld, het die appellant op sy eie weergawe vir Ruben geklap, en het hy ook op sy eie weergawe reeds vroeër die aand in 'n stryery betrokke geraak omdat hy en sy vriende drank by die taverne

wou inneem.

30. Kgarebe het heelwat kleigetrapp oor wie van die appellant of die klaer eintlik die aggressor was en het homself hieroor weerspreek. Afgesien daarvan dat hy dus wel by geleentheid pertinent gesê het dat die appellant die aggressor was, het hy verder die appellant se weergawe in hierdie verband totaal weerspreek deur te getuig dat die appellant inderdaad die persoon was wat eerste die tavernegebou verlaat het, nog vóór die klaer. Dit was totaal strydig met die appellant se bewering dat die klaer eerste uit is en dat die klaer hom toe na buite gewink het.
31. Soos reeds gemeld, was die klaer se getuienis dat die beligting op die toneel goed was en dat hy alles duidelik kon sien. Dié getuienis van die klaer is nooit in kruisverhoor betwis nie. Ten spyte hiervan, het die appellant in sy getuienis toe vir die eerste keer aangevoer dat die beligting op die toneel eintlik "*bietjie baie dof*" was en dat dit in wese slegs die ligte van die binnekant van die gebou af was wat beligting verskaf het (en dus nie straatligte, soos wat die klaer getuig het, nie).
32. Hoe dit ookal sy, op beide die klaer en die appellant se weergawes moes hulle hoogstens ses treë van mekaar af weg gewees het toe die klaer geskiet is. Hulle was dus baie naby mekaar en op beide se weergawes, hoewel totaal strydig, moes daar tog voldoende geleentheid gewees het vir waarneming.
33. In elk geval was dit gemenesaak dat die klaer en die appellant alleen buite die gebou was toe die klaer geskiet is, en het die appellant toegegee dat die skoot nie van binne die taverne gekom het nie. Onder hierdie omstandighede sou die kwessie van identiteit dus nie werklik in geskil gewees het nie.
34. Dit was eers toe die appellant in kruisverhoor gekonfronteer is met die vraag wie anders as hy dan die klaer kon geskiet het, dat hy vir die eerste keer met die weergawe vorendag gekom het dat daar geparkeerde voertuie voor die taverne was. Dit is nooit aan die klaer gestel nie en dit is ook nooit aan die klaer gesuggereer dat hy verwond kon gewees het deur skote wat vanuit geparkeerde voertuie afgevuur sou gewees het nie.

35. Die appellant was nie bereid om te erken dat hy, op sy eie weergawe en omdat hy juis toe volgens hom in 'n gesprek met die klaer gewikkel was, noodwendig sou moes gesien het toe minstens die eerste skoot die klaer getref het nie.
36. Die appellant se weergawe van hoeveel skote hy sou gehoor het, en op watter stadium, het ook voortdurend gewissel en aangepas. In sy pleitverduideliking het hy aangevoer dat hy aanvanklik een skoot gehoor het, toe weggehardloop het en in daardie proses nog drie skote gehoor het.
37. In kruisverhoor van die klaer is dit egter gestel, namens die appellant, dat daar aanvanklik een skoot was, dat die appellant toe weggehardloop het in die rigting van die hoek van die betrokke gebou, dat hy toe nog twee skote gehoor het voordat hy die hoek bereik het en dat, nadat hy om die hoek was en in 'n straat verder weggehardloop het, hy nog 'n skoot gehoor het.
38. Tot op daardie stadium was daar dus nŭg in die appellant se pleitverduideliking nŭg in die stellings aan die klaer enige sprake daarvan dat daar ooit op die appellant self geskiet sou gewees het of dat enige skote vanuit 'n bewegende voertuig afgeskiet sou gewees het.
39. In sy hoofgetuienis het die appellant toe egter vorendag gekom met 'n nuwe weergawe, waarvolgens daar aanvanklik, en dus op die toneel onmiddellik buite die deur van die taverne, inderdaad twee skote was (en nie net een nie), die appellant toe in die veld weggehardloop het (en nie in 'n straat, of om 'n hoek, soos vroeër aan die klaer gestel nie) en daar toe 'n verdere twee skote toe vanuit 'n bewegende voertuig op hom (die appellant) gevuur sou gewees het terwyl hy besig was om in die veld te vlug. Nodeloos om te sŭ, kon die appellant hoegenaamd nie verduidelik waarom hierdie weergawe nooit voorheen aan die klaer gestel is nie.
40. Waarom het die appellant totaal weggevlug, nie alleen van die toneel af nie maar uit Hartswater? Hy kon mos maar bloot gevlug het tot waar hy skuiling kon gevind het, en meer in die

besonder kon hy terug in die tavernegebou in gevlug het. Sy verduideliking dat daar vriende van die klaer kon gewees het, gaan nie op nie, want op sy eie weergawe het hy mos niks hoegenaamd aan die klaer gedoen nie.

41. Rabie het, in 'n ooglopende poging om sy vriend (die appellant) te staaf, in sy getuienis ook beweer dat hy saam met die appellant weggehardloop het. Dit was natuurlik inderdaad strydig met die appellant se weergawe, aangesien die duidelike implikasie van sy weergawe was dat hy alleen gevlug het.
42. Afgesien hiervan was Rabie se vertelling van die vlugtog, en van die roete waarlangs die twee van hulle sou gehardloop het, nie alleen inherent deurspek met weersprekings nie, maar ook totaal strydig met die appellant se weergawe.
43. Op Rabie se weergawe sou die appellant eers vir hom gestaan en wag het, ná die skietery, en sou die twee van hulle toe weggehardloop het. Dit sou hoegenaamd nie by die appellant se weergawe inpas nie, en was ook nie wat hy getuig het nie. Volgens hom het hy onmiddellik toe die skietery begin het, gevlug. Op Rabie se weergawe was daar ook nooit sprake daarvan dat die appellant in die veld in sou gevlug het nie, en ook natuurlik nie dat daar ooit vanuit 'n bewegende voertuig skote op die appellant gevuur is nie.
44. Volgens Rabie sou hy nog, terwyl hy en die appellant so weggehardloop het, vir die appellant gevra het wat gebeur het, waarop die appellant vir hom sou gesê het om nie bekommerd te wees nie. Dit is eenvoudig totaal onwaarskynlik dat die appellant, gegewe sy eie weergawe van die gebeure, so 'n antwoord aan Rabie sou verstrek het.
45. Die klaer se getuienis is in geen wesenlike opsig in kruisverhoor afgekraak nie. Die Streeklanddros het dit met die vereiste versigtigheid beoordeel en daar is na my oordeel geen basis waarop daar ingemeng kan word met die Streeklanddros se geloofwaardigheidsbevinding ten aansien

van die klaer nie. Ek meen verder dat die Streeklanddros tereg die appellant se weergawe verwerp het as nie redelik moontlik waar nie. Gevolglik is daar na my oordeel geen meriete hoegenaamd in die appél teen die skuldigbevinding nie.

46. Wat die vonnis betref, is namens die appellant aan die hand gedoen dat die appellant se persoonlike omstandighede onderbeklemtoon is. Die Streeklanddros het egter na my oordeel die appellant se persoonlike omstandighede behoorlik oorweeg. Dit was ondermeer dat die appellant 'n 29-jarige ongetroude vader van vyf minderjarige kinders was (wat almal by hulle moeders woonagtig was) en dat hy skolasies tot matriek gevorder het.
47. Alhoewel die Streeklanddros klaarblyklik aanvaar het dat die appellant nog ten tye van die pleging van die onderhawige oortreding werksaam was, is dit inderdaad in strafversagting destyds voorgehou dat die appellant slegs werksaam was tot Februarie 1998, terwyl die voorval eers in Junie 1998 plaasgevind het.
48. Wat ookal egter in hierdie persoonlike omstandighede versagtend mag gewees het, is totaal oorskadu deur die erns en gevolge van die appellant se misdaad. Hy het die klaer op 'n kort afstand twee keer geskiet, met die opset om hom te dood. Alhoewel die klaer gelukkig mag wees om te oorleef het, het die appellant se aanval die klaer vir die res van sy lewe in 'n rolstoel gekluister gelaat. Ek kan my kwalik 'n meer ernstige geval van poging tot moord voorstel.
49. Dit is so dat daar 'n lang tyd verloop het tussen die voorval en die uiteindelijke verhoor, en ek sal aanvaar dat die appellant deurentyd in hegtenis verkeer het. Dit blyk egter dat hy by vonnisoplegging reeds besig was om twee ander vonnisse uit te dien, een waarvan vyf jaar gevangenisstraf was. Vir soverre hy dus tussen die datum van die onderhawige voorval en die vonnis verhoorafwagtend mag verkeer het (en nie reeds besig was om 'n ander vonnis uit te dien nie), is dit onwaarskynlik dat dit slegs op die onderhawige saak kon gewees het.
50. Selfs al sou die appellant se vorige veroordelings van twee huisbrake (met

die opset om te steel en diefstal) en 'n ontsnapping nie aangemerkt kon word as aanduidend van 'n geweldsneiging nie, is dit minstens aanduidend van 'n gebrek aan respek vir die regte van ander, en vir die regspleging in die algemeen. Kortom, die appellant was beslis nie 'n eerste kennismaker met die gereg, of met die binnekant van 'n gevangenis, nie.

51. Die Streeklanddros het ook rekening gehou met die ander vonnisse wat die appellant reeds besig was om uit te dien, en met die moontlike kumulatiewe effek daarvan tesame met die onderhawige vonnis.
52. Na my oordeel het die Streeklanddros geen wesenlike mistasting begaan nie en kan die opgelegde vonnis, alhoewel swaar, nie aangemerkt word as skokkend of onvanpas nie. Gevolglik is daar geen basis waarop daar met die vonnis ingemeng kan word nie.

53. In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:

Die appél teen die skuldigbevinding en die vonnis word afgewys.

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

Ek stem saam en dit word so gelas.

H J LACOCK
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

Namens Appellant: Adv J J Cloete

In opdrag van: Regshulp Sentrum

Namens die Staat: Adv M G W Bagananeng

In opdrag van: Direkteur van Openbare Vervolgings